

Wysheid van Sirag

Wysheid van Sirag (24) Lof op die wysheid.

1. YAHUAH prys Homself en te midde van Sy volk word Hy geëer.
2. In die vergadering van VADER open Hy Sy mond en voor Sy leërskaer word Hy gerespekteer.
3. YAHUAH het uit die mond van die Allerhoogste (VADER) voort gekom, en soos die duisternis het YAHUAH die aarde bedek. (Ps.2:7)
4. In die hoogtes het Ek (YAH) gewoon, en My troon was in die wolkkolom.(Joh.17:24)
5. Die hemelgewelf het alleen omspan en op die bodem van die diepte het Ek gewandel. (Job.26:10 / Spr.8:27)
6. Oor die branders van die see en oor die hele aarde en oor elke volk en nasie het Ek geregeer.
7. In al hierdie dinge het Ek 'n rusplek gesoek(en gesê),„In wie se erfenis sal Ek woon?”
8. Toe het VADER “dié Formeerder van die heelal” My beveel, en My Formeerder het My woonplek vasgestel; en Hy het gesê: „Onder Jakob moet Jy woon en in Yashar'EL moet Jy (Jou) erfdeel besit,” (Ps.78:71 / Deut.32:9)
9. Van ewigheid, van die begin af het HY (VADER) My geskape, en tot ewigheid sal Ek nie ophou nie. (Jes 49:5)
10. In die reine tabernakel het Ek voor VADER gedien en so was Ek in Sion gevestig.
11. In die geliefde stad het Ek, wat My betref, gerus, en in Jerusalem was My heerskappy.
12. En Ek (YAH) het wortel geskied onder 'n geëerde volk, onder die deel van YAH (en) van Sy erfenis.
13. Soos 'n seder op Libanon is Ek verhef, en soos 'n olyfboom op die gebergte Hermon.
14. Soos 'n palmboom in Engedi is ek verhef, en soos roosplante in Jerigo; soos 'n groen olyfboom in die Laagland, ja, Ek is verhef soos 'n plataan by die waters.
15. Soos kaneel en geurige kalmoes en soos uitgesoekte mirre het Ek 'n geur gegee; soos galbanum en naeltjies en storaksgom en soos wierook (was Ek) in die tabernakel. (Ex.25:22) / Num.7:89)
16. Ek, soos 'n terpentynboom het Ek My takke uitgestuur, en My takke was takke van eer en guns.
17. Ek was soos 'n wingerdstok wat guns laat uitspruit, en My blomme is die vrug van Lofwaardigheid en glorie.
18. o
19. Kom na My toe, julle wat My begeer, en versadig julle met My opbrengs. (Matt.11:28)
20. Want My gedagtenis is soeter as heuning, en My erfenis as 'n heuningkoek.

21. Hulle wat My eet, sal nog honger wees, en hulle wat My drink, sal nog dors hê. (Joh.4:10; 6:54,56)
22. Hy wat na My luister, sal nie beskaamd staan nie, en werke wat deur My (verrig word), sal nie vernietig word nie. (Jer.45:4 / Hos.6:1)
23. Al hierdie dinge is die verbondsboek van VADER, die Allerhoogste, die wet wat Moses ons beveel het as 'n erfdeel vir die vergadering van Jakob,
24. O
25. wat (mense) soos Pison met wysheid vervul, en soos die Tigris in die dae van die (koring) are;
26. wat verstandigheid laat vloei soos die Eufraat, en soos die Jordaan in die dae van die oes;
27. wat onderrig laat oorfloei soos die Nyl, en soos Gihon in die dae van die druiweoes.
28. Die eerste (mens) het haar nie volkome geken nie, en so sal die laaste haar nie kan naspeur nie;
29. want haar insig is groter as die see, en haar raad is groter as die wêreld vloed.
30. Ook is Ek soos 'n stroom van 'n rivier en soos 'n waterkanaal in 'n tuin het Ek te voorskyn gekom;
31. Ek het gesê: „ Ek sal My tuin natlei, en Ek sal My tuinbedding versadig (met water)” en kyk, die stroom het vir My geword tot 'n rivier, en My rivier het geword tot 'n see.
32. Nog sal Ek onderwysing soos die môre laat skyn en Ek sal dit laat uitstraal tot in die verte.
33. Nog sal Ek onderrig soos profesie uitgiet en Ek sal dit nalaat vir verre geslagte.
34. Kyk, want ek het nie vir My alleen geswoeg nie, maar vir almal wat My soek.

Sesduisend jaar het YAHUAH geswoeg, 'ja' die wat Hom behaag, die wat na Hom vra is die wat saam met Hom maaltyd gaan hou. Dié wat Hom nou loof en prys ja die wat vir Hom opkom in alle gesprekke is die wat deel uit kan maak van die 144 duisend wat nou gemerk moet word!

Bedink dit vriend.